

**Donderdag 10 September**

**Skrifgedeelte: Rut 4:13-22; Matteus 1:1-16**

**Fokusgedeelte: Rut 4:18-22**

### **Vervelige geslagsregisters bring verligting en verlossing**

**O**m deur geslagsregisters te werk, kan lang en vervelige lees- en studeerwerk wees. Dit kan selfs intimiderend wees. Reeds in vers 12 het ons gelees dat die seën op Boas en Rut se huwelik uitgespreek is. Dat dit geseënd sal wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is. Deur God se voorsienigheid en Tamar se “kreatiewe” toepassing van die leviraatshuwelik, is daar verseker dat die geslagslyn van Juda en Dawid nie uitgesterf het nie. Ook in die geval van Boas en Rut het die geslagslyn van Elimeleg voortbestaan. In beide gevalle gebruik God heidense vroue om die koninklike geslagslyn van Dawid in plek te hou.

Kyk mens mooi na ons fokusgedeelte, sien mens dat daar spesifiek tien geslagte genoem word. Hoekom? Die antwoord kry ons in Deuteronomium 23:2. “Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so ’n persoon se tiende nageslag nie” (1983-vertaling).

Die geskiedenis van Rut gaan oor die Here se verbondsgetrouheid teenoor sy kinders. Hierdie geslagsregister wys ons hoe God getrou bly om ons Verlosser aan ons te voorsien. Deur Boas en Rut se kind word verseker dat Dawid, die tiende geslag, se geslagslyn tot die voorgeslagte van Jesus behoort.

So voorsien God in en deur (vervelige?) geslagsregisters aan jou en my verlossing in Christus Jesus ons Here.

*Sing: Lied 190:1, 3*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*